

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 95

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Jy mag nie doodslaan nie

'N MOORDENAAR, EK?

Op 'n dag het twee broers saam in die veld geloop. Soos maar so dikwels met ons mense gebeur, het dié twee aan die stry geraak. U weet hoe dit gaan: dié een sê niksvermoedend iets en die ander een is onmiddellik op sy perdjie.

Ewenwel, dié twee broers het aan die stry geraak. Die oudste kon sy humeur nie meer betuel nie. Met woorde kan hy hom ook nie meer laat geld nie. Hy moet iets doen! Toe gryp hy 'n klip en slaan sy jonger broer — hy slaan hom dood! Die lewe het uit daardie liggaam uitgegaan. 'n Man, sterk, gesond, vol lewe en vol krag, lê op die grond... net 'n liggaam, 'n lyk... nie meer 'n mens nie.

Die ouer broer, Kaïn, het sy jonger broer, Abel, doodgeslaan — aan die begin van hierdie wêreldgeskiedenis — die tweede geslag van die ganse mensdom.

Dit was die eerste moord hier op aarde. En daarvandaan het die strome bloed gevloei — mense wat hulle hande aan ander slaan.

Laat staan die toorn. Waarom slaan mense mekaar dood? Waarom het Kaïn vir Abel doodgeslaan?

Die saak het só gestaan: op 'n dag het albei met 'n offer gekom — Kaïn met die vrug van sy landbou en Abel met die oes van sy vee. Die Here het net Abel se offer aangeneem. Waarom? Abel het in die geloof geoffer en Kaïn nie.

Van daardie dag af het daar in Kaïn se hart 'n krapperigheid teenoor Abel bly steek. Van al die gekrap ontstaan 'n sweer. Dit word al groter en groter. Uiteindelik bars die sweer oop: Kaïn slaan vir Abel dood.

Waar het dit begin? By afguns, omdat die Here nie Kaïn se offer aangeneem het nie. Hy was jaloers. Sy afguns en jaloesie was dus die wortel van sy daad; dat hy Abel doodgeslaan het. Hierdie wortel ontwikkel verder. Haat kom uit in humeurigheid, kortaf houding teenoor die ander een; afjakke, twis en uiteindelik doodmaak.

Dan is die argument seker logies: na-ywer, afguns, jaloesie, die wortels van doodslag, is maar die doodslag self. Die plant self en die vrugte van die plant, is seker al in sy wortels teenwoordig, of hoe?

Ja, God hou waarlik haat, woede, afguns, jaloesie — God hou dit alles vir doodslag.

Die oortreding.

Nou moet ons oor nog een sokie gesels. Daardie lyk wat daar op die ope velde gelê het, wêre was dit? Natuurlik Abel, maar wie was Abel? Hy was die maaksel van God. Wat God gemaak het, is gebreek.

Dit het Kaïn gedoen. Wat God gemaak het, het hy uitmekaar gebreek, stukkend gemaak, dit laat ontbind. Dit doen ek in kiem en in wortel, wanneer ek iemand, so 'n maaksel van God, haat; na-ywerig en jaloers op hom is en kwaad word vir so 'n persoon.

As iemand iets wat u met toewyding gemaak het, breek, of dit selfs minag en verag, wat voel u?

Vergelding

Hoe moet God voel as Sy maaksel verag en verbreek word? Geen wonder dat Hy na hierdie

persoon kom soek het nie. Kaïn moes vergelding doen. Hy moes sy straf kry, omdat hy God se maaksel ontbind het.

Ek ook!

U ook!

As net die wortel van daardie kwaad in ons aanwesig is, dan het ons dieselfde gedoen as Kaïn. As ons maar net dink om kwaad of leed aan die maaksel *van* God te doen — hierdie maaksel wat God na Sy beeld en gelykenis gemaak het.

God vra vergelding van elkeen wat Sy beeld, die mens, skend. En God se vonnis? Die mens wat bloed vergiet, sy bloed moet ook vergiet word.

Wat moet ek doen?

Vir Kaïn het God gesê: "Is daar nie verheffing as jy goed doen nie?" (Gen. 4:7).

Vir die sipier van Filippi het God by monde van Paulus gesê: "Glo in die Here Jesus Christus, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin"(Hand. 16:31).

Dit is die enigste verheffing!

Hiervan is ek oortuig: elkeen wat in Jesus Christus glo — hy is ook gered van God se oordeel oor sy humeur, sy wraak en haatgedagtes. Sy humeur en allerlei gedagtes om God se maaksel skade aan te doen, sal nie oor hom heers en hom nie oorheers nie.

Maar hy wat nie glo nie — God vra vergelding — soos van Kaïn!

A. J. Coetzee.

Ek kan nie meer nie...!

Vader in die hemel, ek kom na u toe. Ek kom om my verslae hart aan u te kom oorgee.

Ek het lank genoeg teen die prikkels geskop. Ek was hardvogtig en opstandig. Ek het alles probeer om U uit my lewe uit te ban. Soms het ek gedink dat ek dit regkry — ek het U vergeet. Maar nou weet ek: dit was tevergeefs. Geen mens kan vir U vlug nie. U het my ingehaal, altyd weer ingehaal, soos 'n groot sterk man sy opstandige klein seuntjie, soos 'n liefdevolle moeder haar afkerige dogter.

U het my van agter en van voor omring en 'n Hand op my gelê. U het die pad, van u af weg, vir my toegemaak. Ek is verslaan! Ek kan nie meer teen U veg nie; ek wil ook nie langer daarmee aanhou nie.

Daarom kom ek nou om my onvoorwaardelik aan U oor te gee. Here, U was te sterk vir my! Of is dit: te lief vir my? U weet dit. Ek bid U: Vergewe my! Dink aan my gedoopte voorhoof. Dink aan die belofte wat U toe aan my gemaak het: Dat U, terwille van Jesns Christns, al my sondes vergeef het, en dat U my deur u Heilige Gees tot u kind aangeneem het. Vervul nou my hart, wat so dors na u liefde, met die strome van u goddelike erbarming.

En hou my dig by U, kind van U. Om Christus ontwil. Amen.

Jy mag nie egbreek nie

DIE MOOISTE VAN DIE SEKSUELE!

Gepraat van huweliksnood... van seksuele nood — daarvan het ek baie gesien!

Ek ken 'n vrou — vier van die sewe aande van die week slaap haar man by 'n ander vrou.

Daar is 'n meisie — so vreeslik ontnugter. Sy dra 'n ongeboore kind. Die vader het met 'n ander vrou weggeloop. Tog, sy drá haar leed; sy wil nie getel word onder dié wat 'n aborsie verkies het nie.

Ek weet ook van ander... mooi jong seuns en dogters... maar hulle dra 'n loodsware las — seksueel verlang hulle na mense van hul eie geslag!

'n Konsentrasiekamp?

Ja, daar is baie soorte nood, sowel binne as buite die huwelik. Die helfte het ek nog nie eers vertel nie. Maar weet u wat vind ek die diepste nood? Dis die nood van dié wat sê dat die Bybel op hierdie terrein 'n totaal verouderde Boek is. Hulle sê die Bybel wil net alles verbied. Neem nou maar Jesus. Hy kom in ons jong lewe staan en alles wat vir ons aantreklik en aanloklik in die teenoorgestelde geslag is, dié ontsê Hy ons. In Matt. 5 sê Hy tog "dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het." Sou Hy dan geen oog vir die jeug in ons tyd hê nie? Dis asof Hy 'n mooi jong meisie voor ons neus hou, maar tegelykertyd sê Hy met 'n dreigende vinger: "En raak haar nou net aan!" Mag ek hoop dat u nie ook só oor die Bybel en oor Jesus se woorde dink nie!

Want Christus het beslis nie na hierdie wêreld gekom om rondom ons jong lewe 'n konsentrasiekamp van magnie's en moenie's te bou nie. Inteendeel, Hy wil juis dat ons die mooiste en die verruklikste van die seksuele leer ken! Daarom wil Hy ons bevry van alles waarmee ons hierdie skone gawe van God lelik en liederlik maak en bevuil. Waarvoor het Jesus aan die kruis gesterf? Is dit nie juis om ons ook van dié sonde te verlos — wat ons buite en sonder die huwelik wil geniet, maar wat Hy vóór en bínne die huwelik bedoel het nie?

Vir mekaar maak

Die Bybel leer dat God ons man én vrou maak het. God het die man en die vrou op mekaar aangewys. As Hy Eva aan Adam gee, dan doen Hy dit, sodat hulle "één vlees kan wees". Dan bedoel God dat die eerste mens hom aan sy vrou en sy haar aan haar man moet gee, hééltemal — met siel én liggaam... hul hele lewe lank!

As Christus sê: Jy mag nie na 'n vrou kyk om haar te begeer nie, dan wil Hy ons mooi jeuglewe red. Hy wil daaraan weer die glans gee wat dit in die paradys gehad het. Om dié mooi gawe van God mooi te hou, moet jy al vóór die huwelik begin. Om jouself met liggaam en siel jou hele lewe lank aan 'n ander te gee — dit kan 'n meisie tog nie aan méér as een man nie. As jy jou met meer as een man vryhede veroorloof wat slegs vir die huwelik bedoel is, sal jy, die dag as jy trou, uitvind dat jy die mooie van God se gawe verloor het!

Die mens wat hom deur Christus laat verlos, soek na die mooiste van die seksuele. Daarom word die keuse van 'n vriend of vriendin al 'n saak van groot erns. Jy laat nie toe dat 'n mooi figuurtjie jou ganse toekomstige huwelikslewe bepaal nie.

Saam worstel

Om jou vir jou hele lewe lank aan 'n ander te gee, is nie 'n kwessie van verliefdheid alleen nie. Dis om waarlik lief te hê. Dis 'n saak om aan mekaar getrou te bly — ook as die ander een ontrou is — ook as jy die verontregte is. Paulus sê: In die huwelik moet ons só liefhê soos

Christus sy gemeente liefgehad het, soos Hy homself daarvoor geoffer het.
Wat was die gemeente waarvoor Christus sy lewe gegee het? Was sy soveel werd om bemin te word? Nee, sy het Jesus se liefde verwerp. Sy het Hom gekruisig.

Nietemin het Jesus nie teruggegaan na die Vader en gesê: Sy is my liefde nie werd nie. Hy het ons liefgehad tot die dood toe. So 'n offer vra Christus ook van elke getroude man en vrou teenoor mekaar. 'n Liefde wat kan gee sonder om op wederliefde aan te dring. Dat jy die ander een liefhet met al sy swakhede, met al sy sondes, dat jy saam worstel om dit te oorwin. Dis 'n taak — 'n lewenslange taak! Alleen as ons dit só benader — aan die hand van ons Heiland — kan ons die mooiste van die seksuele belewe!

N. Droomer.

Jy mag nie steel nie

BAIE MANIERE OM 'n DIEF TE WEES

Jy is siek!

Daar is 'n dodelike epidemie in omloop — 'n soort virus wat orals — in die stede en dorpe, op die plase en kantore — sy slagoffers eis.

Een van die uitstaande kenmerke van die siekte is dat diegene wat die ergste daardeur aangetas is, dit die minste agterkom. Dit gebeur, omdat die siekte 'n mens se hart en verstand eerste aanval en so jou onderskeidingsvermoë laat verloor. In sy ergste vorm laat die siekte by die mens 'n soort waansin ontstaan wat hom deur niks en niemand laat stuit nie.

Miskien moet ek nou maar sê waarvan ek praat: van die Mammonsiekte, die hebsugvirus, die vloek van geldgierigheid — dit waarteen God die mens in die agste gebod van sy wet wil beskerm as Hy sê: jy mag nie steel nie.

Die basis

Kom, laat ons die gebod 'n bietjie van nader bekyk. Ten grondslag van wat God hier beveel, lê twee waarhede: dat God die absolute Eienaar van alle dinge is. "Die aarde behoort aan die HERE en die volheid daarvan." (Ps. 24). Hy het alles geskep en onderhou dit nog steeds. Hy het dus volle reg daarop.

God het die dinge nie vir Homself gehou nie. Hy het dit tot beskikking gestel van die mens wat Hy na sy beeld gemaak en met wie Hy 'n verbond aangegaan het. Daardeur word die mens egter nie eienaar van die dinge nie, maar alleen rentmeester, bestuurder, wat dit mag gebruik, en daarvan lewe, maar altyd met die eerste doel om dit tot diens van God en sy ryk aan te wend.

Nou wat is diefstal?

Dat ek buite my bevoegdheid tree en my vergryp aan dinge wat my nie toekom nie. Ek verklaar myself eienaar van die dinge en ek wend dit net tot my eie voordeel aan, of ek slaan my hand aan wat God tot die beskikking van iemand anders gestel het.

Baie maniere

U sal begryp: 'n mens hoef nie juis met breekysters of 'n pistool rond te gaan om 'n dief te wees nie. Daar is duisend maniere waarop jy kan steel. Dit het byna altyd te doen met een van die volgende: die manier waarop jy dinge verwerf, die manier waarop jy dit besit en die manier waarop jy dit bestee.

Hoe verwerf ek iets?

Die normale manier is om daarvoor te werk, maar nou sal u ook weet: al werkende kan ek ook steel, byvoorbeeld deur nie my volle deel te doen nie. Daar kan ook van my gesteel word, byvoorbeeld dat my loon, of altans 'n deel van wat my toekom, nie aan my gegee word nie.

Nou moet u as werkgewer of as werknemer bietjie u sakies deurkyk, want eendag sal die Groot Ouditeur verantwoording kom eis. Die getuies sal opgeroep word: verkwiste ure aan die een kant; onderbetaalde arbeiders aan die ander kant — of albei! Halwe werk sonder pligsbesef of my tuinjong of kombuisbediende wat van 'n hongerloon moes lewe.

Ek kan ook op 'n ander manier besittings verwerf, byvoorbeeld deur handel te dryf. Eintlik is dit maar net 'n gespesialiseerde vorm van arbeid of dienslewering. Ook hier sal my boeke eendag nagegaan word. Die woekerwins wat ek gemaak het, die minderwaardige artikels wat ek verkoop het, die slinkse sette waarmee ek mense om die bos probeer lei het — ek hoor al hoe hulle teen jou en my getuig!

Besit of besete?

Ek kan my goed op die mees eerbare wyse verwerf en tog siek wees, sommer dodelik siek van die hebsugvirus. Hóé besit ek my goed, of besit dit my? Die gevaar bestaan selfs dat ek daarvan besete kan wees — 'n regte gierigaard wat my rykdom dag vir dag sien groei, maar nie opmerk nie hoe arm ek aan medemenslikheid en ware lewensgeluk is nie.

Dan nog die vraag: hoe bestee ek my inkomste? Ek staan immers in hoë diens. Ek is 'n rentmeester. Ek ontvang om aan my naaste te kan uitdeel — ja, maar bo alles in diens van Hom van wie ek alles ontvang het.

"Alles behoort aan julle," het Paulus een maal gesê, "maar julle behoort aan Christus."

My vriend, ek stel jou voor God se gebod: Jy mag nie steel nie!

Wat beteken dit?

Kortliks net dit: jy moet liefhê — jy met alles wat jy het en ontvang — moet God liefhê en jou naaste soos jouself.

F. J. Labuschagne.

Jy mag geen valse getuienis gee nie

DIE WAARHEID MAAK VRY

As daar een vraag is waarmee alle mense worstel, dan is dit die vraag na waarheid.

Wat is waarheid?

Filosowe dwarsdeur die mensegeskiedenis het hieroor besin en hulle verklarings van wat waarheid is, wêreldkundig gemaak. En as mens 'n studie van hierdie verklarings maak, neem dit nie lank nie om te beseef dat die bekende spreekwoord ook hier geld nie: soveel hoofde, soveel sinne.

Die stryd om die waarheid

Bedink verder ook die feit dat waarheid een van die fondamentstene van die menslike samelewing is. Die onderlinge lewe van sowel individue as volkere sou haas onmoontlik gewees het as hierdie fondamentsteen weggeneem word. Watter groot bedrae word daar nie jaarliks deur landsregerings bestee, sodat waarheid gewaarborg kan word nie. Die hele departement van Justisie, met alles wat daarmee saamhang, is daarop gemik om waarheid in menslike verhoudinge te laat geld.

Indien u 'n antwoord moes gee op die vraag: wat is waarheid, sou dit heelwaarskynlik in kort hierop neerkom: waarheid is wanneer mens teenoor mens eerlik, opreg en trou is.

Eerlikheid en opregtheid en trouheid is dan ook inderdaad wesenskenmerke van waarheid.

Maar...

Daarmee het u nog nie by die kern van waarheid uitgekom nie.

Weet u... u kan volgens al hierdie kenmerke van waarheid lewe en tog kan u lewe 'n leuen wees!

Een groot leuen!

Kras uitgedruk?

Miskien, maar laat ons verduidelik.

Dié waarheid

U sal waarskynlik saamstem met die stelling dat 'n halwe waarheid so goed is as 'n leuen. 'n Onskuldige kan byvoorbeeld aan die pen ry slegs deurdat 'n halwe waarheid teen hom ingebring word. 'n Halwe waarheid kan 'n mens net so mislei en verlei as 'n openlike leuen.

Presies dit is die geval indien u sonder dié Waarheid lewe. Sonder hierdie Waarheid is u lewe, hoe presies en korrek dit ook al volgens die waarheidskenmerke van eerlikheid, opregtheid en trouheid ingerig is, tog maar net 'n **halwe** waarheid. 'n Halwe waarheid is so goed as 'n leuen!

Nou moet dit eers van die hart: hierdie Waarheid is Jesus Christus, die Seun van God. Só het Hy Homself met goddelike gesag aan ons bekendgemaak: "Ek is die Weg en die Waarheid en die Lewe." (Joh. 14:6).

Buite Jesus Christus is ons nog vasgevang in die **slawebande** van die vader van die leuen, die satan. Omdat Jesus Christus gekom het om die vader van die leuen te oorwin, is Hy die Waarheid. Hy skenk aan dié wat glo in die ware lewe. Hy **bevry** van die slawebande. Daarom sê Sy Woord: "En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle **vrymaak**."

(Joh. 8: 32).

Hunker u na vryheid?

Hiér is vryheid... ware vryheid!

Wanneer u deur die geloof in Jesus Christus vrygemaak is van die sonde en die ewige dood, eers dan kan u **waarlik** lewe. Dan is u lewe nie net 'n halwe waarheid (m.a.w. 'n leuen) nie, want dan lewe u teenoor **God** en teenoor u naaste in waarheid.

Teenoor God, omdat u gebreek het met die skynlewe asof alles om jouself gaan. Die ware sin en doel van jou lewe is juis dat jy nie vir jouself lewe nie, maar vir **God**. Teenoor u naaste, omdat u, as 'n vrygekoopte, wil lewe soos dit u Here en Eienaar se wil is.

Nou is dit volgens die negende gebod, onder andere Sy wil dat ons in **waarheid** teenoor ons naaste sal lewe. God is Waarheid.

Omdat die gelowige 'n beeldraer van God is, sal hy die waarheid in sy lewe gestalte wil gee. Hy sal die waarheid wil handhaaf ter wille van dié Waarheid en nie ter wille van homself of ter wille van 'n goeie samelewing of ter wille van 'n goeie orde nie. **Dit** maak sy lewe 'n **vol** lewe.

Begeer u 'n **vol** lewe of 'n **halwe** lewe? Aan die antwoord is nie te twyfel nie, want wie begeer nou halfheid? Laat vaar dus u lewe volgens 'n **halwe** waarheid en lewe volgens die **volle** waarheid. Dit kan alleen wees as u Jesus Christus bely as die Weg en die Waarheid en die Lewe.

P. J. J. v. d. W.

Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie...

BEGEERTES

Wie het dit nie?

Dit kan 'n mens seker nog 'n keer vra: wie het dit nie? Wie nie begeertes het nie, het nie 'n hart nie. Ons ken almal die spreekwoord: anderkant die draad lyk die gras altyd groener.

'n Ander een se goed lyk so dikwels mooier, beter, aantrekliker, iets om te begeer. Ons het gewoonlik 'n beter oog vir dié dinge wat nie aan onself behoort nie. Ons het soms 'n probleem met ons dwalende oë en begerige harte. Ek is daarvan seker dat jy weet waarvan ek praat.

U Persoonlike Belange en Besittings

U moes dit tot nou toe nog elke dag teen ander beskerm en beveilig. U huis se deure het die allerbeste slotte. Usself, u motor en u besittings is goed verseker. As daar één ding is wat ons moderne lewe u deeglik geleer het, dan is dit seker dat u nie alleen op hierdie aarde leef nie.

Daar is altyd 'n medemens — 'n ánder mens — om mee rekening te hou. Usself en u goed is tussen al hierdie baie ander mense nooit veilig nie. U weet nie wat in hulle harte altyd aan die gang is teenoor u en u goed nie. Al wat u weet, is dat hulle dalk mag begeer wat u behaal het en wat u besit. Wat 'n mens van iemand anders begeer, wil jy naderhand besit. Die verkeerde gedagte lei dan uiteindelik tot die verkeerde daad.

Maar waarheen, waarna en na wie toe gaan u eie begeertes uit? Ek weet u sal dit maar seker vir uself wil hou. Sulke dinge stal 'n mens nie sommer uit nie. U meen dit is genoeg as u alleen dit weet. Nee, God weet van u begeertes nog beter as uself.

Wat is Begeertes?

Dit is iets van ons harte.

Dit is daardie heftige beweging, die geweldige "lus" of drif van jou hart wat soos die stormagtige see oorboord wil slaan. Dit is die geheime uitgaan van die hart na iets of iemand buite jou lewe.

Wat sê God van ons harte? Bedrieglik is die hart, wie kan dit ken! Ons Here Jesus Christus sê ook: want uit die hart kom daar slegte gedagtes, moord, egbreuk, hoerery, diewery, valse getuienis, lastertaal! Begeerte is dus iets van ons hart.

God se X-strale

God plaas die X-strale van Sy Woord op ons harte. Wat Hy daar sien, is die vuil bron van ons uitwendige lewe. Hy sien diep in ons harte die oorsaak waarom die buitekant van ons lewens besaai lê met vuil dade: die bose, sondige en vuil begeertes. Hy sien diep in ons 'n weggesteekte wêreld: ons eie wêreld van onheilige begeertes en gedagtes oor ons medemens en ons medemens se goed.

Wat sê God vir ons daarop?

"Jy mag nie begeer nie."

Dit is die Tiende Gebod, nie waar nie?

Hiermee wil God ons medemens en hulle goed teen jou en my beskerm en beveilig, want Hy weet dat ons begeertes — net soos alle mense s'n — van nature onheilig is. Ons bedoeling daarmee is nooit goed en liefdevol teenoor andere en hul besittings nie.

Só wil God ons teen mekaar beskerm, want Hy weet wat ons elkeen sal tref as die orkaan van onheilige begeertes in ons harte na buite sal uitwoed.

Mag ons dan nie begeer nie?

Ja, ons mag, maar nie daardie onheilige begeertes wat in ons woed nie. God wil ons verlos van die HAAT in ons begeertes. Hy wil ons vervul met die ware LIEFDE in ons begeertes. Deur middel van die Tiende Gebod wil Hy ons inperk en dan inbreek om ons uit te dryf na Jesus Christus. By sy kruis moet ons die geheime, onheilige wêreld van ons hartsbegeertes gaan oopgooi en die sonde daarvan gaan bely. By Hóm kan ons gaan bely met 'n gebroke hart: U weet alles wat my hart bedink het.

Van Hóm mag ons begeer: herskep my hart wat wedgwing uit U spoor. Deur sy kruis wil Hy dan ook 'n nuwe lewensbeginsel in ons plaas. Dit is om uit dankbaarheid na al Sy gebooie te lewe.

En dan?

Dan begeer ons die goeie, die voorspoed, God se seën vir ons naaste en vir hulle goed. Dan het ons ons naaste en hulle goed lief soos wat ons onself en ons eie goed en God bo alles en almal liefhet!

Wanneer ons dan weer uit swakheid in die sonde van bose en onheilige begeertes val, dan weet en glo ons steeds vas dat ons staan met daardie skuld nog steeds voor ons vergewende God en liefdevolle hemelse Vader wat ons mildelik vergewe en nooit verwyd nie.

P. du Plessis.